

Hoofstuk van die dag: Hooglied 8

> *Al wil iemand vir die liefde al die rykdom in sy huis betaal, hy sal daaroor uitgelag word. (vers 7b)*

Ware liefde kan nie gekoop word nie. Ja, seks kan gekoop word, maar dis nie ware liefde nie. Dis siek en pervers. Ware liefde

is dié tussen een man en een vrou wat in ’n innige huweliksband saamgebind is. Dis kosbaar, onvervangbaar en onvergelykbaar en behoort nie ryp gedruk te word nie (vers 4). Ander vroue, sê die man, is nie vir hom nie, selfs al is dit ’n groot harem soos wat koning Salomo gehad het. Sy eie vrou (wingerd) is syne alleen, en Salomo kan sy wingerd maar hou (vers 12).
Die boek eindig met ’n uitnodiging van die vrou om gou na haar te kom (vers 14). Dié hunkering na mekaar bly deel van ’n gesonde huwelik.

Ek vertrou dat die lees van hierdie pragtige, vreemde liefdesliedere jou opnuut geïnspireer het vir jou eie huwelik. Dit is immers ’n stukkie hemel wat op die aarde geval het; ’n gawe van God aan ons! Daarom, geniet die lewe met die eggenoot wat jy liefhet (Pred 9:9). God gun dit vir jou.

Naskrif: Môre begin ons met die boek Levitikus.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook

- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026